

Sing vooraf: Skrifberyming 6-1:1, 2, 3 (11:1, 2, 3) (op tweede melodie van Ps 10)

- 1 Die laagte deur waar die olywe staan, / het hul met Jesus na die berg gegaan;
En dáár het Hy, in stilte ongestoord, / tot hul gesprek sy laaste lewenswoord:
- 2 “Jul wat só na die Godsryk al verlang, / sal nou die kragte van die Gees ontvang,
En oor die wydtes dan van land en see / uit nuwe krag van My getuig'nis gee.”
- 3 En toe het Hy, terwyl hul na Hom staar, / geruisloos opgestyg en weggevaar.
'n Digte was het Hom geheel oordek, / 'n wolk het Hom sag aan hul oog onttrek.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 47:3, 4 (p. 241)

- 3 God vaar voor die oog met gejuig omhoog; / die trompette blink, die basuine klink:
met 'n groot geskal styg bo berg en dal / God se glorie uit. Laat nou die geluid
van jul psalme hoor: laat 'n jubelkoor / Hom, die Vors en Heer van die aarde, eer!
- 4 Psalmsing tot Gods eer! Weet dat Hy regeer. / Hy het opgevaar, Koning is Hy daar
van die heidendom. Vorste en volke kom / om sy volk te wees, Abrams God te vrees.
Skild en teëweer is van U, o HEER! / Sing dan juublend bly! Hoog verhewe is Hy!

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 68:8 (333)

- 8 Gods eng'lemagte bo die swerk / het, tien en tien maal duisend sterk, / slagvaardig uitgesewe;
by hulle is sy majesteit / 'n Sinai in heiligheid, / deur bliksemlik omgewe.
U het omhoog gevaar vol eer; / die kerker was u buit, o HEER, / en gawes u beloning
wat neerdaal op die mensekind; / selfs wie opstandig is, dié vind / by U, o HEER, 'n woning.

Skriflesing: Johannes 6

Teks: Johannes 6:62; Kategismus Sondag 18

Hoe dan as julle die Seun van die mens daarheen sien opvaar waar Hy tevore was? (Johannes 6:62 AFR1953)

Die hemelvaart preek die grootheid van die Here Jesus Christus. Die hemelvaart was gewoon 'n waarmaking van die profesie in Psalm 110:1:

Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete. (Psalms 110:1 AFR1953)

Daarom het God die Vader onmiddellik na sy doop van Hom gesê:

En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehag het. (Matteus 3:17 AFR1953)

En ook van die Here Jesus se eie woorde:

En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. (Matteus 28:18 AFR1953)

Waarom was en is die hemelvaart van die Here Jesus deur die eeue vir die Christene so belangrik?

Dink eerste aan die Jode wat tydens en na die kruisiging in Jerusalem gewoon het.

- Jerusalem wat vir die Jode die plek was waar die voete van God op die aarde gestaan het, het verander in 'n plek waar die Seun van God in wie hulle geglo het verneder is.
- Dit was meteens 'n plek waar hulle lewens nie meer veilig was nie.

Dit het op 'n manier die simbool geword van dit wat vir die Christene voorlê soos wat die einde van die tye aanbreek. Daarom is die herdenking van hierdie totale almagsdaad van die Here Jesus so belangrik – eintlik is dit die geleentheid van sy troonsbestyging en sy kroning as die ewige Koning van alle tye.

In die hemelvaart bely ons die heerlikheid van die Here Jesus Christus.

Die Here Jesus wys in Johannes 6:62 self op sy heerlikheid. Eers sê Hy

Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom.
(Johannes 6:56 AFR1953)

Hierdie uitspraak was vir die dissipels en vir die Jode totaal onaanvaarbaar.

- Hulle kon nie in die beeldspraak van die Here Jesus inkom nie.
- Hulle het ook nie die inhoud van dié uitspraak begryp nie.

Daarom verwys die Here Jesus ook na sy hemelvaart.

- As hulle eers op daardie punt kom, sal hulle ergernis oorgaan in verstaan,
- want dan gaan hulle die verhoging en verheerliking van die Seun van die mens sien.

Prakties beteken dit dat hulle dan die Here Jesus se woorde sal verstaan en tot die geloof sal kom.

- Dan sou hulle ook die betekenis van die Nagmaal verstaan waar die Here inderdaad in die geloof geestelik geëet word.
- Die rede? Die Here Jesus se liggaam sal dan weggeneem wees van die aarde af – dit sal dan die kwessie van *sy liggaam eet* in perspektief stel.

En Jesus het in Homself geweet dat sy dissipels hieroor murmureer, en Hy sê vir hulle: Is dit julle tot 'n aanstoot? Hoe dan as julle die Seun van die mens daarheen sien opvaar waar Hy tevore was? Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe. (Johannes 6:61-63 AFR1953)

Ons bely veral drie dinge ten opsigte van die hemelvaart van die Here.

- Ons bely dat die Here Jesus opgevaar het na die hemel. Ons bely dat hierdie hemelvaart van Hom sy heerlikheid geopenbaar het.

- Ons bely dat Jesus, die Seun van God is wat na die hemel opgevaar het, soos wat dit in die Skrifte belowe is. Dink onder andere aan wat in Psalm 68 geskryf staan:

(68:18) Die waens van God is tien duisende, duisend maal duisende; die Here is onder hulle; dit is Sinai in heiligheid. (68:19) U het opgeklim na die hoogte, U het gevangenes weggevoer, U het geskenke geneem onder die mense; ja, ook wederstrewiges om daar te woon, o HERE God! (68:20) Geloofd sy die Here! Dag ná dag dra Hy ons; God is ons heil! Sela.

(Psalms 68:17-19 AFR1953)

- Die Here Jesus se hemelvaart en sy plek inneem by die troon van God was ook al eeue tevore uitgebeeld in byvoorbeeld die werk van die hoëpriester wat eenmaal in 'n jaar in die heilige der heilige moes ingaan om versoening te doen.

Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen.

(Hebreërs 2:17 AFR1953)

Met die hemelvaart van die Here Jesus het die groot versoendag vir die wêreld aangebreek. Dit duur nog steeds voort. Uiteindelik sal dit met die wederkoms finaal in vervulling gaan.

Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie, ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring.

(Hebreërs 9:11-12 AFR1953)

So vervul die Here Jesus dit wat Hy in Johannes 6 vir die mense gesê het. In hierdie hemelvaartdaad lê die grootste openbaring van God se almag en heerlikheid:

- Hy gaan met 'n menslike liggaam uit hierdie skepping oor in die ewigheid by God.
- Met dieselfde liggaam wat Hy uit Maria aangeneem het, en wat gekruisig en dood en begrawe is, het Hy hemel toe gegaan. Watter groter openbaring van sy Godheid en almag wil ons nog hê?

Die hemelvaart was op aarde die afronding van sy versoeningswerk:

- Hy is deur onnoembare angste en lyding ter wille van ons sondes.
- Hy gaan met sy hemelvaart uit die ellendes van die graf en die dood in die ewige heerlikheid van God in.
- Hy gaan uit 'n wêreld van stryd en spanning uit in die ryk van God se volmaakte vrede in.

Die Here Jesus het na die hemel der hemele toe weggegaan waar Hy nou plek gereedmaak en voorbidding doen om sy hele kerk by Hom te ontvang.

Kom ons lees saam wat ons hiervan bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 18:

Vraag 46: Wat verstaan jy onder: wat opgevaar het na die hemel?

Antwoord: Christus is voor die oë van sy dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem (a) en Hy is vir ons daar ten goede (b) totdat Hy terugkom om reg te spreek oor die lewendes en die wat alreeds gesterf het (c).

(a) Hand 1:9; Mark 16:19; Luk 24:51: (b) Heb 9:24; 4:14; Rom 8:34; Kol 3:1. (c) Hand 1:11; Matt 24:30.

Vraag 47: Is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie (a)?

Antwoord: Christus is ware mens en ware God. Wat sy menslike natuur betref, is Hy nie meer op aarde nie (b), maar wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons af weg nie (c).

(a) Matt 28:20. (b) Heb 8:4; Matt 26:11; Joh 16:28; 17:11; Hand 3:21. (c) Joh 14:18; Matt 28:20.

Vraag 48: Maar as die mensheid nie oral is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?

Antwoord: Nee, glad nie. Die Godheid kan immers deur niks ingeperk word nie en is orals teenwoordig (a). Hieruit moet volg dat die Godheid wel buite sy aangenome mensheid (b) is, maar tog ook daarin is en persoonlik daarmee verenig bly.

(a) Jer 23:24; Hand 7:49. (b) Kol 2:9; Joh 3:13; 11:15; Matt 28:6.

Vraag 49: Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is (a). Ten tweede dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof; ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem (b). Ten derde dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur (c) deur wie se krag ons soek na wat daar bo is, waar Christus is en aan die regterhand van God sit, en nie na wat op die aarde is nie (d).

(a) 1 Joh 2:1; Rom 8:34. (b) Joh 14:2; 17:24; 20:17 2:6. (c) Joh 14:16; 16:7; Hand 2:33; 2 Kor 1:22; 5:5 (d) Kol 3:1.

Amen

Slotgebed

Skrifberyming 12-2:2, 3 (27:2, 3)

- 2 Hy wat deur die Gees ontvang is / – die geheimenis is groot! –
en gebore is uit Maria, / uit die maagdelike skoot.
Wat gely het toe Pilatus / onregsvonnis het gevel –
kruis en doodsmart ondergaan het, / al die angste van die hel.
- 3 Wat die derde dag verrys het, / daar die dood Hom nie kon hou;
na die hemel opgevaar het / deur die diep, onpeilb're blou.
Wat nou sit, met eer en sterkte / aan Gods regterhand omgeef,
tot Hy weerkom as die regter / van wat dood is en wat leef.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 21 Mei 2009